UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# ETH306W

Oktober/November 2013

## INKLUSIEWE ONDERWYS B (OPVOEDKUNDIGE TEMAS 306)

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

EKSAMENPANEEL SOOS DEUR DIE DEPARTEMENT AANGEWYS

**Toeboekeksamen**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye

**Eksameninstruksies:**

**Skryf asseblief die nommers van die vrae op die buitekant van u eksamenskrif.**

**AFDELING A: KLEINKINDONTWIKKELINGSFASE (KKO)** Alle studente wat vir hierdie fase geregistreer is, moet die vrae in **Afdeling A** voltooi
Vraag 1 is verpligtend Vraag 1 tel 20 punte

U het 'n keuse om VIER vrae uit vrae 2, 3, 4, 5 en 6 te beantwoord Elke vraag tel 20 punte U moet vier van hierdie vrae beantwoord

4 X 20 = 80 punte

**AFDELING B: INTERMEDIÊRE FASE EN SENIOR EN VOO Fase·** Alle studente wat wat vir hierdie fases geregistreer is, moet die vrae in **Afdeling B** voltooi
Vraag 7 is verpligtend Vraag 7 tel 20 punte
U het 'n keuse om VIER vrae uit vrae 8, 9, 10, 11 en 12 te beantwoord Elke vraag tel 20 punte U moet vier van hierdie vrae beantwoord

4 X 20 = 80 punte

**[BLAAI OM]**

## AFDELING A

**Studente wat vir die KKO FASE geregistreer is, moet die vrae in Afdeling A beantwoord.**
**Instruksies:**
**Beantwoord vraag 1 wat 'n verpligte vraag is. Vraag 1 tel 20 punte. Beantwoord dan VIER vrae uit vrae 2, 3, 4, 5 en 6. Elkeen van hierdie vrae tel 20 punte dus**

**Beantwoord dan VIER vrae uit Vrae 2, 3, 4, 5 en 6. Elkeen van hierdie vrae tel 20 punte dus 4 X 20 = 80.**

**VRAAG 1**
**Beantwoord die volgende *tien* meerkeusevrae. Skryf slegs die nommer en die letter van u keuse langsaan neer, byvoorbeeld·**
**1.1 A**
**1.2 B**

**1.1 Leerders met ..... .... probleme vind dit moeilik om woorde in lettergrepe te verdeel of om dit weer saam te voeg.**

A visuele persepsie
B ouditiewe persepsie
C visueel-motoriese persepsie
D ruimtelike persepsie

**1.2 Leerders met ....... .. problem ondervind probleme met die koordinasie tussen die oog en die hand of die oog en die voet.**

A fyn motorise persepsie
B laterale dominansie
C visueel- motorise persepsie
D ruimtelike persepsie

**1.3 Die volgende faktore kan lei tot handskrifprobleme:**

A letter-klank verhouding, laterale dominansie, emosionele problem, swak visie
B perseptuele problem, handdominansie, swak motivering, emosionele problem
C perseptuele problem, swak motivering, woordanalise, kognitiewe problem
D letter-klank verhouding, kognitiewe problem, swak visie, handdominansie

**1.4 Lees is . .......**

A 'n gevorderde vorm van ekspressiewe taal
B 'n gevorderde vorm van innerlike taal
C afhanklik van sigwoordeskat

**BLAAI OM**

D 'n gevorderde vorm van reseptiewe taal

**1.5 Die term "leerprobleme" verwys na .. .. ...**

A probleme wat in die eerste plek voortspruit uit visuele, gehoor- of motoriese gestremdhede, of uit intellektuele gestremdhede nie of as gevolg van emosionele, omgewings-, kulturele of ekonomiese omstandighede nie
B probleme wat voortspruit uit die psigologiese prosesse betrokke by die verstaan en gebruik van taal - beide gesproke en geskrewe taal nie
C 'n onvoldoende vermoe om te luister, dink, praat, lees, skryf, spel of om wiskundige berekenings te doen nie
D leerders wat probleme het om sekere vaardighede te verkry wat nodig is om sukses op skool te behaal nie

**1.6 Kies die regte kombinasie van die opsies·**
**Transformasie in die onderwysstelsel wat betref leerders wat struikelblokke tot leer ervaar, is noodsaaklik as gevolg van die volgende redes:**

1 Waar hierdie leerders wel in gewone skole geakkommodeer word, sal toegang tot die kurrikulum nie problematies wees nie
2 Waar daar goeie samewerking tussen spesiale skole en gewone skole is, sal hierdie leerders nie uitgesluit word nie
3 Dit word gereken dat 70% van leerders met gestremdhede waarvan die meeste swart gestremde leerders in plattelandse gebiede is huidiglik buite die formele onderwysstelsel is
4 Dit wil voorkom asof die leerders wat struikelblokke tot leer ervaar meer uitgesluit word in die kleinkindontwikkelingsfase

A 1, 2, 3
B 2, 3, 4
C 1, 2, 4
D 1, 3, 4

**1.7 .......... is 'n gevorderde vorm van reseptiewe taal**

A Lees
B Praat
C Geskrewe taal
D Innerlike taal

**1.8 Die elemente van geskrewe taal is.**

A Lees, opstel, linguistiek
B Opstel, spelling, handskrif
C Spelling, fonetiek, lees
D Opstel, handskrif, fonetiek

**1.9 Kies die KORREKTE stelling oor epilepsie**

A Epilepsie is die ontlading van abnormale elektriese aktiwiteit in die brein
B Die oorsprong van epilepsie is in die brein en ook in die liggaam
C Die oorsprong van epilepsie is nie in die brein nie
D Epilepsie is die ontlading van normale elektriese aktiwiteit in die brein

**1.10 .......... taal is die taal waarin 'n mens dink.**

A Innerlike
B Reseptiewe
C Ekspressiewe
D Nie-verbale

**1.11 Kies die VERKEERDE stelling oor MIV/VIGS·**

A MIV is menslike immuniteitsgebrek virus
B Kinders kan MIV voor geboorte opdoen
C VIGS kan nie deur daaglikse sosiale kontak oorgedra word nie
D VIGS is nie die finale stadium van MIV-infeksie nie

**1 12 Downsindroom ontstaan as gevolg van afwykings in die gene van die . . chromosoom.**

A Agtiende
B Een en twintigste
C Dertiende
D A, B, en C

**1 13 Leerders mag die volgende leesprobleme in die grondslagfase hê:**

1 hulle herken nie woorde op sig nie
2 hulle voeg woorde by wanneer hulle lees
3 hulle vokaliseer woorde
4 hulle herken nie letters op sig nie

A 1, 2, 3
B 2, 3, 4
C 1, 2, 4
D 1, 2, 3, 4

**1.14 Die voelsintuig is ook as 'n .. sintuig bekend**

A oorblywende
B fisieke
C kinestetiese
D tas

**1.15 Refraksiefoute kan die volgende oogtoestande veroorsaak:**

A strabisme, miopie, hiperopie
B nistagmus, albinisme, skeeloog
C hiperopie, astigmatisme, miopie
D astigmatisme, skeeloog, albinisme

**Vrae 1 16 – 1 20: Dui aan of die volgende tien stellings WAAR of VALS is Skryf slegs die nommer van die subvraag in u eksamenboek en langs dit u antwoord, naamlik WAAR of VALS byvoorbeeld:**
**1 1 Vals**
**1.2 Waar**

1 16 Handskrif, spelling, opstel is die elemente van geskrewe taal
1 17 Leerders met intellektuele gestremdhede presteer nie op skool ooreenkomstig hulle potensiaal nie
1 18 Leerders met hiperopie sal verkies om agter in die klas te sit
1 19 Epilepsie is 'n ontlading van normale elektriese aktiwiteit in die brein
1 20 Die stigma van leerders wat 'n fisiese of fisiologiese inperking ervaar, is erger in die plattelandse areas, aangesien almal bekend is aan almal

**[20]**

**Beantwoord VIER vrae uit Vrae 2, 3, 4, 5 en 6 Elkeen van hierdie vrae tel 20 punte dus 4 X 20 = 80**

**VRAAG 2**

2 1 Noem die problem wat 'n leerder in die grondslagfase kan ervaar in wiskunde (5)
2 2 Beskryf vyf metodes wat u moontlik kan gebruik om leerders in die grondslaggfase met wiskunde probleme to help Voorsien voorbeelde waar toepaslik (5)
2 3 Bespreek laterateit, laterale dominansie en rigtingsekerheid en dui aan watterinvloed problem met hierdie perseptueel- motorise manifestasies op 'n leerder se skolastiese prestasie mag hê (10)

**[20]**

**VRAAG 3**

3 1 Bespreek verskillende leesprobleme wat in 'n klaskamer in die Grondslagfase mag voorkom (6)
3 2 Wat is die twee hoofkomponente van lees? (2)
3 3 Bespreek die verskynsels hiperaktiwiteit en aandagafleibaarheid (4)
3 4 Verduidelik ook hoe 'n onderwyser(es) te werk kan gaan om 'n jong leerder met hierdie probleme in die klaskamer te hanteer In u verduideliking noem ten minste agt strategiee wat 'n onderwyser(es) kan gebruik om gedragsprobleme te hanteer (8)

**[20]**

**VRAAG 4**

4 1 Beskryf die manifestasie van konduktiewe gehoorverlies in die klaskamer (2)

4 2 Inklusiewe onderwys maak voorsiening daarvoor dat alle leerders dieselfde skole kan bywoon As u dalk 'n leerder wat doof is maar wat kan liplees in u klas het, wat sou u kan doen om hierdie leerder te help om te liplees? (4)

4 3 U is 'n Graad drie onderwyser(es) en u het 'n leerder met gehoorinperking U merk op dat die ander leerders soms agteraf lag wanneer hierdie leerder 'n taalfout maak Wat sal u aan die klas sê? Wat sal u doen om haar te ondersteun? (4)

4 4 U is 'n Graad 3 onderwyser(es) 'n Leerder in u klaskamer toon die volgende manifestasies van struikelblokke

Die leerder

vryf die oe aanhoudend

beweeg die kop wanneer daar na prente gekyk word of gelees word

toon spasieringsprobleme wanneer daar geskryf word

weier om deel te neem aan enige balspeletjies

4 4 1 Identifiseer die struikelblok tot leer van die leerder (2)

4 4 2 Noem vier ander eienskappe van hierdie tipe struikelblok soos wat dit in die klaskamer kan manifesteer (4)

4 4 3 Bespreek hoe u as onderwyser(es) hierdie leerder in die klaskamer sal ondersteun (4)

**[20]**

**VRAAG 5**

5 1 Hoe sal u aan 'n ouer verduidelik wat outisme is? (2)

5 2 Beskryf hoe 'n jong leerder se kwaliteit van ontwikkeling wat betref gedrag en verbeelding as deel van die sogenaamde 'Triade van gestremdhede' aan 'n onderwyser(es) 'n aanduiding kan gee dat die leerder outisties is (8)

5 3'n Jong leerder met Downsindroom mag die volgende eienskappe wat betref motoriese vaardighede en visuele persepsie openbaar Bespreek die implikasies hiervan om die leerder te onderrig en beskryf strategiee war u kan gebruik om die leerder in die klaskamer te ondersteun

Motoriese vaardighede swak manipulasievaardighede weens

5 3 1 Hipotonie (lae spiertonus) in arms, hande, rug

5 3 2 Korter ledemate, vingers en tone

5 3 3 Minder stamina (8)

5 4 Dink u dat 'n leerder met Downsindroom tot 'n hoofstroomskool toegelaat behoort te word? Voorsien redes vir antwoord (2)

**[20]**

**Vraag 6**

6 1 Beskryf dıe DRIE tıpes perseptueel motorıese probleme wat 'n jong leerder mag ervaar Duı aan hoe elkeen van dıe perseptueel motorıese probleme 'n leerder se vorderıng op skool mag beınvloed (12)
6 2 Waarom ıs dıt vır 'n onderwyser(es) belangrık om te weet wat vısuele persepsıe ıs? (3)
6 3 Beskryf hoe oudıtıef perseptuele probleme tot taalprobleme ın dıe klaskamer kan leı (5)

**[20]**
**Totaal Afdeling A: 100**

**AFDELING B**
**Studente wat vir die Intermediêre en Senior en VOO fases geregistreer is, moet die vrae in Afdeling B beantwoord.**
**Instruksies·**
**Beantwoord vraag 7 wat 'n verpligte vraag is. Vraag 7 tel 20 punte.**
**Beantwoord VIER vrae uit Vrae 8, 9, 10, 11 en 12.**

**VRAAG 7**

**Vrae 7.1 – 7.15. Beantwoord die volgende tien meerkeusevrae. Skryf slegs die nommer en die letter van u keuse langsaan neer, byvoorbeeld:**
**7.1 A**
**7.2 B**

**7.1 Refraksiefoute kan die volgende oogtoestande veroorsaak:**

A strabisme, miopie, hiperopie
B nistagmus, albinisme, skeeloog
C hiperopie, astigmatisme, miopie
D astigmatisme, skeeloog, albinisme

**7.2 Kies die VERKEERDE rede waarom volgens Witskrif Nommer 6 leerbehoeftes mag ontstaan:**

A Die betrokkenheid van ouers
B Ontoereikende ondersteuningsdienste
C Onbuigsame kurrikula
D Ontoepaslike opleiding van onderwysbestuurders

**7.3 Die volgende is teken van moontlike ouditiewe problem. 'n Leerder . ......**

A praat eentonig, vermy mondelinge werk, is dikwels onoplettend, vind dit moeilik om met maats oor die weg te kom
B praat te vinnig of te stadig, is dikwels onoplettend, weier om aan balspeletjies deel te neem, verwar letters wat dieselfde vorm het
C vermy mondelinge aktiwiteite, is onderhewig aan vinnig veranderde stemming, maak swaar op gebare staat, praat te sag of te hard
D draai sy kop om te luister, beweeg sy kop wanneer hy na prentjies kyk, weier omaan balspeletjies deel te neem, praat te hard of te sag

**7.4 Kies die VERKEERDE stelling oor MIV/VIGS:**

A MIV is menslike immuniteitsgebrek virus
B Kinders kan MIV voor geboorte opdoen
C VIGS kan nie deur daaglikse sosiale kontak oorgedra word nie
D VIGS is nie die finale stadium van MIV-infeksie nie

**7.5 Kies die KORREKTE stelling oor epilepsie.**

A Epilepsie is die ontlading van abnormale elektriese aktiwiteit in die brein
B Die oorsprong van epilepsie is in die brein en ook in die liggaam
C Die oorsprong van epilepsie is nie in die brein nie
D Epilepsie is die ontlading van normale elektriese aktiwiteit in die brein

**7.6 'n Persoon wat aan .......... ly, is glad nie in staat om in raserige omgewings te hoor nie.**

A Sensorineurale gehoorverlies
B Versterkingsfaktor
C Tinnitus
D Konduktiewe gehoorverlies

**7.7 Kies die regte kombinasie van die opsies:**
**Transformasie in die onderwysstelsel wat betref leerders wat struikelblokke tot leer ervaar, is noodsaaklik as gevolg van die volgende redes.**

1 Waar hierdie leerders wel in gewone skole geakkommodeer word, sal toegang tot die kurrikulum nie problematies wees nie
2 Waar daar goeie samewerking tussen spesiale skole en gewone skole is, sal hierdie leerders nie uitgesluit word nie
3 Dit word gereken dat 70% van leerders met gestremdhede waarvan die meeste swart gestremde leerders in plattelandse gebiede is huidiglik buite die formele onderwysstelsel is
4 Dit wil voorkom asof die leerders wat struikelblokke tot leer ervaar meer uitgesluit word in die kleinkindontwikkelingsfase

A 1, 2, 3
B 2, 3, 4
C 1, 2, 4
D 1, 3, 4

**7.8 Kinders wat skielike uitbarstings van aggresie, vernielsugtigheid en 'nslegte humeur openbaar, mag moontlik aa .. ly.**

A tremor
B ontwrigtende gedrag
C verskuilde epilepsie
D neurologiese disfunksie

**7 9 Kies die VERKEERDE stelling**
**Om 'n kurrikulum aan te pas moet die volgende algemene raamwerk in aggeneem word**

A die leerders, ouers, klaskamer en die skoolomgewing
B onderrigstrategiee, skoolvakke en die leerders
C assessering, onderrigstrategiee en skoolaktiwiteite
D skoolvakke, die leerders, die klaskamer en skoolomgewing

**7.10 Kies die regte kombinasie van stellings.**
Volgens die Onderwys Witskrif Nommer 6 is daar besluit om die beleid van inklusiewe onderwys in Suid-Afrika te aanvaar om die volgende redes

1 Uit 'n sosiale oogpunt is dit sinvol
2 Uit 'n finansiele oogpunt is dit sinvol
3 Uit 'n opvoedkundige oogpunt is dit sinvol
4 Dit bevorder onderlinge respek
5 Dit bevorder sosiale welsyn

A 1, 2, 3
B 1, 3, 4
C 1, 4, 5
D 2, 3, 4

**7.11........ het 'n afsonderlike grammatika wat nie op gesproke of geskrewe taal gebaseer is nie**

A Gebare
B Gebaretaal
C Eenhandalfabet
D Tweehandalfabet

**7 12 Wanneer een kant van die liggaam van 'n persoon wat serebrale gestremdeid het, geaffekteer is, staan dit as ... bekend.**

A Hemiplegie
B Monoplegie
C Diplegie
D Paraplegie

**7.13 'n Leerder met ... .... sal verkies om agter in die klas te sit.**

A astigmatisme
B albinisme
C hiperopie
D miopie

**7.14 Moontlike gedragspatrone van ouers met kinders met inperkings·**

1 Aanvaardende ouers
2 Kwaai, maar kundige ouers
3 Ouers wat nie omgee nie
4 Kwaai, maar oningeligte ouers

A 1, 2, 3
B 2, 3, 4
C 1, 2, 4
D 1, 2, 3, 4

**7.15 …….. staan somtyds bekend as sensoriese hiperaktiwiteit**

A perseptueel-motoriese manifestasie
B hiperaktiwiteit
C aandagafleibaarheid
D sensorineurale gehoor

**Vrae 7.16 – 7.20: Dui aan of die volgende tien stellings WAAR of VALS is. Skryf slegs die nommer van die subvraag in u eksamenboek en langs dit u antwoord, naamlik WAAR of VALS byvoorbeeld·**
**7.11 Vals**
**7 12 Waar**

7 16 Oorvol klaskamers kan nie beskou word as 'n veroorsakende faktor van struikelblokke tot leer nie, aangesien die onderwyser individuele aandag aan leerders in groepe kan gee
7 17 Epilepsie is 'n ontlading van normale elektriese aktiwiteit in die brein
7 18 Die stigma van leerders wat 'n fisiese of fisiologiese inperking ervaar, is erger in die plattelandse areas, aangesien almal bekend is aan almal
7 19 Navorsers soos Turnbull glo dat die vader meer geaffekteer word deur die feit dat sy seun 'n fisiese of fisiologiese inperking ervaar, as wanneer sy dogter so 'n inperking ervaar
7 20 Die versoek om diskriminasie te stop, is slegs relevant tot die Grondwet en nie tot die Witskrif 6 nie

**[20]**

**Beantwoord VIER vrae uit Vrae 8, 9, 10, 11 en 12 Elkeen van hierdie vrae tel 20 punte dus 4 X 20 = 80**

**VRAAG 8**

8 1 Beskryf inklusiewe onderwys in u woorde (2)
8 2 Wat is die verskil tussen hoofstroom onderwys en inklusiwiteit? (8)
8 3 In ons skole ontstaan verskillende leerbehoeftes as gevolg van 'n reeks faktore Bespreek beide instrinsieke faktore was daartoe aanleiding kan gee dat leerders leerbehoeftes het (10)

**[20]**

**VRAAG 9**

9 1Dıt ıs belangrık vır 'n onderwyser(es) om te weet hoe dat ıntellektuele gestremheıd dıe ontwıkkelıng van 'n leerder kan beınvloed Bespreek hıerdıe stellıng deur te verwys na dıe ontwıkkelıngseıenskappe en leereıenskappe van 'n leerder met 'n ıntellektuele gestremdheıd (10)

9 Wat sal u aan 'n klas sê as 'n leerder wat epılepsıe het tot dıe klas toegelaat word? (4)

9 3 Wat sal u as dıe onderwyser(es) doen as 'n leerder 'n epıleptıese aanval ın u klas kry? (6)

**[20]**

**VRAAG 10**

Bespreek enıge vyf van dıe emosıonele behoeftes soos wat dıt deur Howells, Mıtchell, Prıngle, Raths, Thompson en Poppen beskryf ıs Beskryf hoe elkeen van hıerdıe behoeftes by dıe huıs en ın dıe skool kan manıfesteer Duı aan met verwysıng na elkeen van dıe vyf emosıonele behoeftes wat 'n onderwyser(es) kan doen om dıe emosıonele behoeftes van leerders aan te spreek

5X4=20

**[20]**

**VRAAG 11**

U ıs 'n Graad 5 onderwyser(es) (Intermedıêre Fase) of 'n Graad 8 (Senıor en VOO Fase) onderwyser(es) Twee leerders ın u klaskamer toon dıe volgende manıfestasıes van struıkelblokke

Leerder nommer 1

vryf dıe oe aanhoudend
beweeg dıe kop wanneer daar na prente gekyk word of gelees word
toon spasıerıngsprobleme wanneer daar geskryf word
weıer om aan enıge balspeletjıes deel te neem

Leerder nommer 2

mısverstaan dıkwels wat gesê ıs
praat te stadıg of te vınnıg
gee dıkwels nıe aandag
meng moeılık met portuurgroepvrıende

11 1 Identıfıseer dıe struıkelblokke tot leer wat elkeen van hıerdıe twee leerders ervaar (2)

11 2 Noem VIER ander eıenskappe van elkeen van hıerdıe tıpe struıkelblokke soos wat hulle ın dıe klaskamer mag manıfesteer (8)

11 3 Bespreek ın besonderhede hoe u as onderwyseres elkeen van hıerdıe leerders ın terme van elkeen se spesıfıeke struıkelblok ın 'n klaskamer sal bystaan (10)

**[20]**

**VRAAG 12**

12 1 Wat ıs dıe verskıl tussen paraplegıe en kwadruplegıe? (4)
12 2 Wat ıs serebrale gestremdheıd? (2)
12 3 Om 'n kınd met 'nınperkıng te hê affekteer verskıllende ouers op verskıllende wyses Bespreek hıerdıe stellıng deur te verwys na vyf patrone van houdıngs by ouers voordat daar aanvaardıng van dıe kınd met dıe ınperkıng ıs (10)
12 4 As 'n onderwyser (es) watter ondersteunıng kan u aan 'n leerder met 'n ffısıese ınperkıng ın u klaskamer gee?

(4)
**[20]**

**Totaal Afdeling B: 100**
**Totaal eksamenvraestel: 100**

**Eksaminatore:**

Eerste Mrs JMC Motıtswe
Tweede Mrs TI Mashau

©
**UNISA 2013**